# 'n tipe epistemologie van water

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

Breyten Breytenbach

Titel: epistemologie = kennisteorie. Titel suggereer dat dit gaan oor 'n soort kennis van water. Iets soos 'n sondvloed/tsoenami word beskryf.

Epistologie: kennis van die aard van dinge.



r.1 somber suf = alliterasie; suf = "nie helder nie"; gietende = aanhoudende reën

r.2 Arseer = skaduweetinte aanbring deur ewewydige lyntjies te trek (in kuns); Wind het baie sterk en met rukbewegings gewaai; …. einde vd reël = ellips

r.3 wolke is getint = kleurskakering, d.w.s. in die kleure van vuur/weerlig (rooi, oranje); bliksemskigte = weerligstrale wat flits soos skerp sonstrale.

r.4 gereep = lang, dun strook: dit lyk asof die wolke verander na stroke as die weerligstrale flits. "fladdering" = onreëlmatige beweging v.d. wolke.

r.5 groot waters = metafoor vir baie reën.

1 Die hemel was somber suf van die gietende reën
2 skeef gearseer, gebuig deur windstrome . . .
3 Dit was getint in vuur se kleure voortgebring uit
bliksemskigte
4 wat die wolke gereep en verfladder het, die fakkels
5 waarvan die groot waters oor die oorspoelde valleie


6 geslaan en oopgekloof het, en waar dié ontbloot is
7 het die omgebuigde boomkruine sigbaar geword in die
dieptes . . .
8 dat jy daar kon sien saamgewriemel op die baie bergspitse
9 allerlei diere die marmotjies die girafs die skuifelende reptiele
10 oplaas getem met die peupel mans en vroue wat boontoe
r.6 geslaan … oopgekloof … ontbloot: groot waters het baie skade aangerig.
r.7 boomkruine = top van boom
r.8 saamgewriemel = deurmekaar woel
r.9 verskillende diere saamgebondel op bergspitse; geen komma: beklemtoon alles is deurmekaar.
r.10 peupel (gepeupel) = oproerige menigte

r.11 gevlug met kind en kraai, d.w.s. met alles

r.12 Nie letterlik branders

r.13 katels = beddens; arke = kiste; balies = vate/mandjies/kuipe

r.14 flottielje = eskader oorlogskepe; hier verwys dit na al die vlotte wat op die water dryf; kateder = spreekgestoelte

r.15 saamgeflans = slordig aan mekaar plak; mense ervaar nood en vrees

r.16 log = moeilik om te beweeg; norring = menigte; vare en moere = pa's en ma's; kroos = kinders; "so glibberig, so log" tussen hakies want dis 'n inlasgedeelte wat die vlotte beskryf.

11 gevlug het met kind en kraai. En die landerye
12 onder water se brandertoppe was besaai van tafels,
13 katels, arke, balies, kosyne, stompe, karavane, vrieskaste,
14 kateders, kroegtoonbanke en 'n flottielje vlotte
15 saamgeflans in nood en vrees vir die dood
16 (so glibberig, so log), waarop 'n norring vare en moere met
kroos

kon hurk terwyl hulle arpeggios eoniese krete
en verwyte en jammerklagte uiter, lamgeslaan
deur die wind se woede wat die waters laat rol laat rol
laat rol het . . . tesame met die glinsterende
groen lyke van die verdrinktes, 'n mompeling
van dooie vleis weer en weer en weer . . .

r.17 arpeggio's = akkoord waarvan die note opeenvolgend i.p.v. gelyktydig gespeel word; eoniese = onbepaalde tydperk, dus eoniese krete is opeenvolgende, onmeetlike geskreeu van mense wat vrees hulle gaan verdrink.

r.18 lamgeslaan letterlik = so slaan dat verlamming intree; figuurlik: magteloos maak

r.19 wind se woede = personifikasie

r.20 laat rol herhaal = beklemtoon aanhoudende voortrol van die water veroorsaak deur die sterk wind; funksie van ellips = suggereer die rolbeweging wat aanhou

r.21 groen lyke = a.g.v. al die plane in die water; mompeling = binnesmonds praat

r.22 van dooie vleis weer en weer en weer … = herhaling beklemtoon nog steeds die aanhoudende voortrol van die water en nou die lyke in die water; weer word beklemtoon deur herhaling, agterplasing en ellips.

# Bespreking & Vrae

1. **Verduidelik die titel in een sin …..**

1. *Antw.: 'n Soort kennis van water – meer as net die vernietigende krag daarvan.*

2. **Wat sien ons op die "bergspitse" (r. 8)? Waarom dink jy is hul daar?**

2. *Antw.: Diere, reptiele en mense. Hulle het na die hoogte gevlug om van die water weg te kom.*

3. **Wat sien ons i.p.v. "landerye" (r. 11)?**

3. ***Antw.: 'n Deurmekaar lys van menslike besittings, sommiges is oudmodies (arke, katels), ander modern (vrieskaste, karavane) en kateders herinner aan toesprake (kerk?). M.a.w. : niks word deur die oorstroming ontsien nie en die mens is weerloos.***

4. **Na watter 2 dinge verwys die deel in parentese, "so glibberig, so log" (r. 16)**

4. *Antw.: Die 'vlotte' waarop die mense probeer om vir die water te vlug, maar ook die 'dood' waarvan hulle probeer ontvlug. Let wel dat albei 'glibberig' is (m.a.w. nie so maklik om te ontglip nie) en 'log' (m.a.w. moeilik om te beweeg / swaar). Die mense het dus nie veel kans om die dood te ontduik deur op die vlotte te wees nie.*